



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**RELIGIESTUDIES V2**

**2017**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

2. Beantwoord enige DRIE vrae.

3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BEWERING VAN GODSDIENSTIGE DISKRIMINASIE TEEN WERKERS**

Werknemers by 'n vragvervoermaatskappy in Durban het opgehou om te werk en beweer dat bestuur personeellede nie toelaat om tradisionele armbande (Iziphandla) te dra nie, terwyl mense van ander godsdienste en kulture hulle godsdienste vrylik mag beoefen.

Hulle beweer ook dat mans van die Nazareth Baptist Church aangesê is om hulle baarde af te skeer. 'Dit is teen ons kerk se oortuigings en ons sal nie ons baarde afskeer nie,' het 'n woordvoerder van die werkers gesê.

Die maatskappy het alle bewerings van godsdienstige diskriminasie ontken en party werkers afgedank omdat hulle onwettig gestaak het.

[Aangepas uit www//m.news24.com/news2 (Toegang op 09/02/2017 verkry.)]

1.1 Verduidelik hoe diskriminasie godsdienste in Suid-Afrika negatief beïnvloed het. (10)

1.2 Godsdienste het baie leringe wat diskriminasie afkeur. Met verwysing na enige EEN godsdiens, skryf in besonderhede oor sulke leringe. (16)

1.3 Bespreek praktiese strategieë wat godsdienstige gemeenskappe kan gebruik om die probleem van diskriminasie te oorkom. (14)

1.4 Na jou mening, is daar deesdae minder diskriminasie in Suid-Afrika as wat daar in die verlede was? Gee redes om jou antwoord te ondersteun. (10)
**[50]**

## VRAAG 2

2.1 Alle godsdienste is gebaseer op sentrale leringe wat hulle gelowiges met hulle geestelike reis bystaan.

In die konteks van enige EEN godsdiens, beantwoord die volgende vrae oor sentrale leringe.

2.1.1 Bespreek die *aard van die mensdom*. (10)

2.1.2 Bespreek die konsep van *lewe na die dood*. (10)

2.1.3 Volgens die relevante leringe van die godsdiens wat jy gekies het, dink jy dat 'n mens boosheid kan oorkom? Gee redes om jou antwoord te ondersteun. (10)

2.2 In die konteks van godsdiens, bespreek die rol van die volgende:

2.2.1 Mondelingse tradisie (10)

2.2.2 Inspirasie (10)
**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Hoe meer ek Christenskap as my godsdiens bestudeer, hoe moeiliker word dit om, as 'n lid van die Protestantse tak van die Christelike geloof, uit te wys wat uniek aan my kerk is.
>
> [Bron: *Religion Studies Grade 12*, Steyn et al.]

3.1 Met verwysing na enige EEN godsdiens, beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE subgroepe van hierdie godsdiens. (4)

3.1.2 Vergelyk die verskille in praktyk van elke groep. (16)

3.1.3 Vergelyk die verskille in bestuur/leiding/beheer van elke groep. (10)

3.2 Noem en verduidelik enige VYF hermeneutiese beginsels. (20)
**[50]**

**VRAAG 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Westerse sekularisme het te make met die aanneem van 'n fondasie vir lewe en wet wat konvensionele godsdienste uitsluit. In die Weste het dit die neiging om saam met demokratiese regeringsvorme te gaan, godsdiensvryheid binne die grense van sekulêre landswette, steun vir menseregte, en niediskriminasie op grond van godsdienstige geloof.
>
> [Bron: *TOP CLASS Religion Studies Grade 12*]

4.1 Bespreek die faktore wat tot die ontwikkeling van Westerse sekulêre denke gelei het. (12)

4.2 Hoe het die vestiging van sekulêre state tot die voorkoming van godsdienstige oorloë gelei? (12)

4.3 Noem en verduidelik enige EEN sekulêre wêreldbeskouing. (10)

4.4 Bespreek die oorsprong van heilige tekste in enige EEN godsdiens. (16)
**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 Gee 'n kort verduideliking van Darwin se Evolusieleer. (10)

5.2 Verduidelik waarom Hindoeïsme nie 'n probleem met die evolusieleer het nie. (10)

5.3 Verduidelik hoe die heelal geskep is, volgens enige EEN Abrahamitiese geloof. (10)

> Die moeilikheid tussen godsdiens en die wetenskap het met die verloop van die eeue toegeneem, wat tot mededinging en selfs konflik tussen hulle gelei het.
>
> [Bron: *Religion Studies Grade 12*, Steyn, et al.]

5.4 In die konteks van die uittreksel hierbo, stel redes voor waarom godsdiens steeds in die 21ste eeu so 'n invloedryke mag is. (20)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou